



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 6

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL NOVEMBER 2024

PUNTE: 50

TYD: 2 uur

LEERDER : _____
SKOOL : _____
P.O.K : _____
DISTRIK : _____

VRAAG	TOTALE PUNT	LEERDER PUNT
1. Literêre/Nie-Literêre teks	20	
2. Visuele Teks	10	
3. Opsomming	5	
4. Taalstrukture en -konvensies	15	
TOTAAL	50	

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae:

VRAAG 1: BEGRIPSLEES [20]

VRAAG 2: VISUELE TEKS [10]

VRAAG 3: OPSOMMING [5]

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE- EN KONVENSIES [15]

2. Lees en bestudeer tekste noukeurig en beantwoord ALLE vrae wat daarop volg.

3. Beantwoord al die vrae in die gegewe spasies.

4. Maak seker van spesifieke instruksies by verskillende vrae sodat vrae reg beantwoord word.

5. Skryf netjies en leesbaar.

6. Onderwyser(es) sal jou lei deur die oefenvraag.

Oefenvraag:

1 Omkring die letter (A, B, C) van die regte antwoord:
Indien verkeersreëls nie nagekom word nie, kan dit lei tot 'n _____.

- A sirkus
- B flied
- C ongeluk

Indien jy C omkring het, is jou antwoord reg.

VRAAG 1: BEGRIPSLEES

Lees die onderstaande storie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1. Op 'n sonnige dag op die Monza-baan het twee Formule 1-renjaers gereed gestaan om mekaar te beproef. Mia bestuur 'n helder rooi Ferrari, en Tom ry in 'n glinsterende blou Mercedes.
2. Die Ferrari het met 'n hardnekkige "VROOOM" oor die baan geskreeu en om elke draai met sy remme gekerm. Dit het gepas by sy vurige rooi kleur. Aan die ander kant, het Tom se Mercedes, met sy koel blou kleur, deur die baan geskuif met 'n sagte "ZZZMMM" klank. Die Mercedes het elegant en rustig beweeg, soos 'n meester wat die pad met gemak ken, om alle draaie en in die reguit gedeeltes.
3. Soos die twee voertuie mekaar op die baan ontmoet het, het die Ferrari vinnig beweeg, maar die Mercedes het met 'n slim strategie gery. In die laaste rondte het Tom 'n slim skuif gemaak en sy Mercedes vinnig verby die Ferrari gedruk. Met 'n klinkende "FWOOSH" het die blou Mercedes oor die wenstreep gegaan.
4. Tom het die wedren gewen, en sy Mercedes het met trots oor die eindstreep gejaag. Die wedren het gewys hoe die krag van die Ferrari en die rustigheid van die Mercedes teen mekaar staan, elke enjin met sy eie unieke klank en styl.

(201 woorde)

[Bron: Teks saamgestel deur ChatGPT, Julie, 2024]

Woordbank:

beproof: testing someone/something

hardnekkige: stubborn

trots: proud

rustigheid: calmness

klank: sound



1.1 Wat is die naam van die baan waar die wedren plaasgevind het?

(1)

1.2 Wat is die kleur van Tom se Mercedes?

(1)

- 1.3 Wat beteken die woord 'beproof' in paragraaf 1?
_____ (1)
- 1.4 Omkring die letter (A, B, C) van die regte antwoord.
in paragraaf 2 word '...VROOOM' en '...ZZZMMM..'gebruik. Hierdie is 'n
vorm van _____.
- A Personifikasie
B Alliterasie
C Onomatopée (1)
- 1.5 Wie (persoon) het die wedren gewen?
_____ (1)
- 1.6 Beskryf hoe die Mercedes oor die baan beweeg het tydens die wedren.
_____ (2)
- 1.7 Watter uniekheid van elke renmotor se enjin kom duidelik voor in die teks?
_____ (2)
- 1.8 Voorsien die teks van 'n gepaste titel.
_____ (1)
- 1.9 Wat kon gebeur as die twee renmotors in mekaar vasgery het?

_____ (2)
- 1.10 Watter bewys word daar gegee in paragraaf 2 dat die bestuurder van die
Mercedes renmotor die baan baie goed geken het. SKRYF DIE
VERGELYKING wat gebruik word neer.

_____ (2)
- 1.11 As jy die bestuurder van die Ferrari was, hoe sou jy gevoel het aan die
einde van die wedren? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

1.12 Watter gevolgtreking kan jy maak oor hoe die houding van die bestuurder van 'n renmotor moet wees tydens die wedren?

(2)


1.13 As jy die drywer van die Ferrari was, wat sou jy anders gedoen in die resies om te verseker dat jy wen?

(2)
[20]

VRAAG 2: VISUELE TEKS

Bestudeer die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg:

TEKS A



[Bron: OpenAI, <https://chat.openai.com> ChatGPT, Julie 2024]

2.1 Watter drie renmotors se inligting oor ongelukke word voorgestel in die kolomgrafiek?

(3)

2.2 In watter maand het Ferrari die meeste ongelukke gemaak?







(1)

2.3 Glo jy dat Formule 1-motorsport 'n veilige sport is om aan deel te neem? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

Bestudeer die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS B

Brasiliaanse Grand Prix Wedren Uitslae			
1.	Lewis Hamilton Mercedes	1:32:22.851	
2.	Max Verstappen Red Bull	+10.496	
3.	Valtteri Bottas Mercedes	+13.576	
4.	Sergio Perez Red Bull	+39.940	
5.	Charles Leclerc Ferrari	+49.517	
6.	Carlos Sainz Jnr Ferrari	+51.820	
7.	Pierre Gasly AlphaTauri	+1 rondte	8. Esteban Ocon Alpine +1 rondte
9.	Fernando Alonso Alpine	+1 rondte	10. Lando Norris McLaren +1 rondte

Drywerposisies		Spanposisies	
Max Verstappen	332.5	Mercedes	521,5
Lewis Hamilton	318.5	Red Bull	510,5
Valtteri Bottas	203	Ferrari	287,5
Sergio Perez	178	McLaren	256
Lando Norris	151	Alpine	112
Charles Leclerc	148	Alpha Tauri	112

[Bron: <https://www.thenational.scot/sport/uk-sport> ,15 November 2021]

2.4 Watter tipe renmotor ry Fernando Alonso?

(1)

2.5 Volgens die drywerposisies, wie is die drywer wat in die tweede plek is?

(1)

2.6 As jy aan 'n Formule 1-wedren kon deelneem, in watter tipe renmotor sou jy wou ry? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

[10]

VRAAG 3: OPSOMMING

Lees die onderstaande inligting en maak 'n opsomming van 'Wenke om brandstof te spaar'.

Onthou die volgende inligting wanneer die opsomming gedoen word:

- Die opsomming moet 'n opskrif hê.
- Die opsomming moet 50-60 woorde wees.
- Elke sin in die opsomming moet genommer word.
- Jy moet jou eie woorde gebruik wanneer die opsomming geskryf word.

Spaar só brandstof**1. Banddruk**

Wanneer jou motor se bande nie genoeg gepomp is nie, is die weerstand tussen die motorbande en die pad hoër. Dit beteken jou motor verbruik meer brandstof.

2. Probeer vermy om te veel te stop en weer te ry

Wanneer jy versnel moet jou motor se enjin baie harder werk as wanneer dit bloot beweeg. Die energie gaan verlore wanneer jy rem. Ry dus vroeër na jou bestemming of neem alternatiewe roetes om spitsverkeer te vermy.

3. Moenie jou motor laat luier nie

Jou motor laat toksiese gasse vry as jy dit langer laat luier en die brandstofverbruik is ook hoër. Dit is beter om jou motor af te skakel as jy vir lang tye nie gaan ry nie.

4. Bykomstighede

Indien iets, soos 'n rak vir fietse of branderplanke, nie gebruik word nie, moet dit afgehaal word. Dié voorwerpe verander die lugvloei van die motor wat veroorsaak dat meer brandstof verbruik word. Só ook veroorsaak oop vensters en dakke meer brandstofverbruik omdat die lugvloei verander, en dit meer krag van die enjin verg.

5. Lugreëling

Die lugreëling in jou motor werk met 'n drukpomp wat krag van die motor se enjin kry. Gebruik die lugverkoeling spaarsamig en slegs wanneer lang afstande gery word.

(201 woorde)

[Bron: <https://maroelamedia.co.za/leefstyl/motors/spaar-so-brandstof/> 20 Januarie 2016 – Aangepas]

Voltooi die rofwerk en die finaal op die volgende bladsy.

Rofwerk:

Finaal:

Woorde: _____

Rubriek

Kriteria	5	4	3	2	1
Formaat				Sinne volg logies op mekaar en is genommer.	Sinne is nie goed georganiseer nie en volg nie logies op mekaar nie. Sinne is nie genommer nie.
Inhoud en Taalgebruik	Opsomming is goed deurdink en is duidelik in eie woorde geskryf. Goeie taalgebruik. 5 Sinne word reg opgesom.	Opsomming is meestal in eie woorde geskryf. Taalgebruik gemiddeld. 4 Sinne word reg opgesom.	Opsomming is verstaanbaar. Taalgebruik aanvaarbaar. 3 Sinne word reg opgesom.	Opsomming is moeilik leesbaar. 2 Sinne word reg opgesom.	Direkte woorde uit die teks oorgeskryf. 0-1 Sin word opgesom.
Spelling en leestekens			Geen spelfoute. Uitstekende gebruik van leestekens.	1-3 Spelfoute. Aanvaarbare gebruik van leestekens.	Meer as 4 spelfoute. Geen leestekens word gebruik.
			Totaal:	10/2= ____/5	

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Hyundai woeker vanjaar soos die pannekoektafel by 'n kerkbasaar. Die Tucson en Greta is onlangs opgeknop, die splinternuwe Santa Fe kom vandeemaand en die Kona is verlede maand onthul. Hyundai het die nuutste ontwerp na 'Kailua-Kona', 'n kUSDorp in Hawaii, vernoem.	2 4
Hoewel die Kona aangenaam is om te bestuur, is daar niks buiten sy voorkoms wat opwinding verskaf nie. Die meeste verbruikers koop egter 'n kar wat veilig, betroubaar en brandstofdoeltreffend is, en daaraan voldoen dié Hyundai. Dié wat opwinding wil hê, sal iets moet koop met GTI of AMG in sy naam.	6 8

[Bron: <https://www.landbou.com/landbou/leefstyl/wiele/rygoed-met-talent> - Aangepas]

4.1 Skryf 'n ANTONIEM vir die woord 'niks' in lyn 5.

_____ (1)

4.2 Omkring die letter van die regte antwoord (A, B, C).

'kUSDorp' in lyn 4 is 'n voorbeeld van 'n _____.

A Samestelling

B Afleiding

C Samestellende afleiding (1)

4.3 Voltooi die TRAPPE VAN VERGELYKING van die woord:

STELLENDEN TRAP	VERGROTENDE TRAP	OORTREFFENDE TRAP
4.3.1 _____	veiliger	4.3.2 _____

(2)

4.4 Skryf die KERN/BASIS van die woord 'nuutste' in lyn 3.

_____ (1)

4.5 Benoem die SKRYFTEKEN wat gebruik word by die woord 'hê' in lyn 8 en gee sy FUNKSIE.

SKRYFTEKEN: _____

FUNKSIE: _____ (2)

4.6 Verander die volgende sin na die ONTKENNENDE VORM:

Verbruikers koop iets wat betroubaar is.

_____ (2)

4.7 Identifiseer die BYVOEGLIKE NAAMWOORD wat gebruik word in lyn 2 om die Santa Fe te beskryf.

_____ (1)

4.8 Verander die volgende sin na die LYDENDE VORM:

Verbruikers koop 'n kar wat veilig is.

_____ (2)

4.9 Verander die volgende sin na die VERLEDE TYD:

Die Kona is aangenaam om te bestuur, maar daar is niks wat opwinding verskaf nie.

_____ (3)

[15]

GROOTTOTAAL [50]